# *As môre sonder my begin*

As môre sonder my begin, probeer asb. verstaan
Dat 'n engel gekom het en my naam geroep het.
Gesê het, my plek is gereed.
Ek het so baie gehad om voor te lewe,
so baie gehad om nog te doen.
Dit klink amper onmoontlik dat ek jul verlaat het.
Ek het aan al die gisters gedink, die goeies en die slegtes,
En al die pret wat ons gehad het.
As môre sonder my begin,
moenie dink ons is ver van mekaar.
Want elke keer as jul aan my dink is
ek net hier in julle harte.
Verlang my, maar laat my gaan.





# *Tipa Bothma*

1953 - 2020

'n Herinneringsdiens vir die lewe van

# Elizabeth Bothma

**Gebore:** 2 November 1953 **Oorlede:** 5 April 2020

Die diens word waargeem deur Ds. Jacques Myburgh
op Saterdag 27 Junie 2020 om 11:00
vanuit die Morgenzon Kapel.

**Huldeblyk:** Lize Bothma

**Bedankings:** Herman le Grange

My liewe Ma!
My steunpillaar, my rots, my "go to person", my lewe. Om 38 jaar te moet opsom sal baie boeke vat. Dankie vir die waardes wat Ma my geleer het. Dankie dat Ma altyd daar was vir my van die dae toe ek in die bank begin werk het. Dankie dat Ma daar was toe ek ŉ verskil wil maak in die wêreld en mense om my. Ma het my ondersteun en moed ingepraat toe ek my eie besigheid wou begin. Die dae wat ek bang en onseker was, was Ma die een wat my engel was en altyd sal wees! Dan praat ek nie eers van al ons vakansies en "memories" wat ons saam gemaak het nie! Ek besef nou wat die Here bedoel met geleende tyd. In 2018 toe Ma baie siek begin word het, het ek nog tyd gekry. Die 6 de Maart toe Ma hospitaal toe geneem is en ek sit voor jou bed vir ure in spanning en vrees van wat gaan van my word as ma moet gaan, het die Here my gebede weer verhoor en nog 4 weke ekstra geleende tyd vir my gegee. Selfs in die hospitaal waar ek baie vinnig moes leer lippe lees om ma te verstaan het ons nogsteeds gelag en "memories" gemaak! Ek het die belangrikste ding in my lewe geleer in die 4 weke en dit is wat deursettingsvermoë is en nie opgee nie. Ma het net weer aan my bewys hoe belangrik dit is. Ek was bevoorreg om soveel ekstra geleende tyd van die Here te kon ontvang. Ek sê vir Hom dankie en ek belowe Ma ek sal jou en my legacy saam voortsit. Alles wat jy my geleer het sal ek elke dag toepas. Die huis is bitter stil en leeg. Ek mis Ma se stem, ek mis tot daai damn suurstofmasjien se geraas. Lilo mis Ma netso baie. Elke aand stap ons nogsteeds na Ma se kamer om nag te sê en om te sê ons is lief vir Ma, anders weier sy om te gaan slaap. Stuur groete vir almal en ons sal mekaar weer sien. Luv you lots!
**Lize**

Liewe tannie Tipa

Sy was pragtig, maar nie soos tydskrif pragtig nie.

Sy was pragtig vir die wyse waarop sy gedink het, sy was pragtig vir die blink in haar oë wanneer sy gepraat het oor hulle wat na aan haar hart was en die dinge waarvoor sy lief was. Sy was pragtig vir haar vermoë om ander te laat glimlag, al het sy nie na glimlag gevoel nie. Nee, sy was nie pragtig vir iets tydelik soos haar voorkoms nie, sy was pragtig tot diep binne in haar siel.

Sy was absoluut pragtig, pragtige kind van God, pragtige liefdevolle moeder vir haar kinders, pragtige omgee mens vir soveel ander rodom haar. Haar skerp sin vir humor, haar lekker lag, haar spontane liefde en omgee, ja, dit was tannie Tippa!

Ons is dankbaar vir die voorreg dat sy ook met haar mooi spore in ons harte kon trap. Hierdie spore lê diep getrap en word saggies vertroetel en onthou! Dankie Tannie Tippa dat jy ook deel van ons lewe was.

SY WAS VOORWAAR PRAGTIG!

Liefde

**Die Myburgh's**

Ons liefste Tannie Tips,

Sy was deel van ons gesin, saam gelag, gestres, geleef, getrou en kinders groot gemaak.

Van kosbare geleenthede, verjaarsdae, groot kuiers, Moedersdag etes, Speletjies aande waarvan haar gunsteling Jenga was en Sondae Familie ete waar haar Boontjies altyd 'n treffer was was nie dieselfde as Tannie Tips nie daar was nie.

Tannie Tips was te gewillig om 'n doek te ruil, te help kinders bad en saam met Ouma Brenda die kids op te pas vir naweke en groot sports te maak, 'n derde ouma vir Carmin en Nicholas. Haar lam arm het baie vermaak verskaf en sal haar dansies, verf tegnieke, bederfies en haar opgewondenheid as Rici Martin se video's opkom, sal ons nooit kan vergeet nie. Ons sal haar lag, humor sin, omgee, liefde en teenwoordigheid veraltyd mis. Vandag koester ons haar laaste verjaarsdag en kersfees vieringe saam, hoe bevoorreg is ons om al die goue herinneringe in ons harte veraltyd te mag saam dra. Ons glo sy is nou in die teenwoordigheid van die Here en omvou in sy liefde en vrede sonder enige beperkinge. Haar plekkie sal altyd leeg wees in ons familie, ons gaan haar nog vir baie lank mis!

Baie liefde **Die le Grange's**

My liewe Vriendin

Net jou stem het stil geword, want orals waar ek om my kyk sien ek jou. Soms kry ek myself dat ek wonder wanneer stap jy hier by my in vir ‘n vinnige geselsie…... Baie dankie vir meer as 30 jaar se vriendskap wat nêrens weer te vinde sal wees nie, en dan praat ek nie eers van die ongelooflike familiebande wat gebou is, omdat ons mekaar onvoorwaardelik aanvaar het nie. Van uitbundige gelag tot trane, wat saam gestort was, omdat ons alles met mekaar gedeel het.

Wat ‘n wonderlike voorreg was dit nie om jou deel van my lewe te gehad het nie – ‘n liefde groter as wat sustersliefde is, het ons gedeel.

Die verlange na jou is groot, Vriendin, maar ek weet dat jy is, waar jy na hartelus kan dans, sing en eet en dit bring vertroosing! Jou liggaampie was moeg en uitgeput, daarom kan ek jou nie terugwens, om jou leiding hier op aarde te verleng nie. Jy is waar Onse Dierbare Vader jou wou hê, net waar Hy vir jou ‘n spesiale plekkie voorberei het – hoe ongelooflik gelukkig is jy nie!

Vriendin, eending is seker, jy sal altyd in my hart voortleef en bewaar word. Rus in vrede tot ons mekaar weer sien.

Van jou vriendin, **Brenda**

Hoe begin mens, soveel goed wat ons nog wil sê....
Tannie Tips ons gaan tannie baie mis al tannie se geselsies as ons Pretoria toe kom. Die twee seuns op hulle manier verstaan waar tannie nou is. Dihan wil net elke aand na die sterre kyk, want ouma Tipa soos hy tannie partykeer genoem het skyn nou uit die hemel uit en sy kyk vir ons. Mienke jy gaan soveel uitmis deur nie jou tannie te geken het nie, maar ons sal jou nog baie van haar vertel. Hanru sê nie te veel nie net wat gaan ons nou doen as ons Pretoria toe gaan en tannie Tipa is nou nie meer daar nie “mamma gaan tannie Lize ok wees”? Hoe het tannie altyd gesê julle F***up 82’s. Ja tannie ons ou drietjies sal altyd daar wees vir mekaar. Wie gaan nou Duncan se kant kies as ons altyd so gepraat het oor alles? Tannie vat mos maar altyd tannie se favorite se kant of hy nou reg was of nie. Hou maar so ’n ou ogie oor ons van daarbo af en kom loer maar so nou en dan in, in ons drome. Rus lekker tannie tot ons mekaar eendag weer sien ....

Al ons liefde, **Die Gouse**

My onvervangbare Libbit,
Verewig in my hart. Die saam grootword met vakansies, naweke en oproepe wat ons gedeel het, sal nooit vergeet word nie. Die baie saam stout wees, lekker lag en saam pak kry is ingegraveer in my denke. Elke week se lang lekker oproepe, saam lag en ook saam bid was 'n voorreg. My kosbare niggie ek sal hierdie kosbare dinge baie mis, maar my vertroosting is die vaste wete dat jy die wedren voltooi het en nou verewig by Jesus is. **Jou Niggie Marita**

Liefste ma,

Dankie vir die moed in praat en dankie vir die verstaan in moeilike tye. Dankie vir die uitreik toe dit nie verwag kon wees nie.

Liefste ouma,

Dankie vir die sweeties en die cuddles met Lilo. Dankie dat ouma in my droom my briefie gelees het en my 'n drukkie kom gee het. Gee asb vir Alexa 'n drukkie van my af. Ek gaan ouma vir altyd mis.

Ons sal nooit vergeet dat ma in ma se pyn en vrese steeds gelag en gesels het en nooit gekla het nie.

Weet dat ma 'n legacy agterlaat wat mense nie sal vergeet nie. Dankie dat daar nooit 'n lyn van diskreminasie met ma se liefde en omgee was nie. Dat van 'n skoonmaker tot 'n CEO, dit ervaar het en ma daarvoor sal onthou.

Ons wil nie sê gaan rus nie, ons wil sê gaan kuier. Gaan kuier nou saam met die mense wat vir ma gewag het. Geniet dit om weer te lag en gesels.

Ons sien ma daarbo wanneer die tyd reg is.

Baie liefde. **Dané en Jackie**

Ons ken Elisabeth as, Sus, Lisbeth, Lizzie, tannie Lipstid, Klitta en Tippa. Ons onthou die heerlike braai en kuier en swem Sondagmiddae by hulle huis. Ons onthou die Oujaarsdae wat ons altyd waatlemoen in die swembad gegooi het vir laat middae se smul daaraan. Ons was altyd welkom by haar huis! Mariek, Carmen en Schalk het baie by haar en Danie gaan bly as ons naweke weg moes gaan vir Discovery of Old Mutual funksies. Sy het moederlik na hulle omgesien! Daar was altyd 'n soet dingetjie om aan te smul as hulle voor die tv gelê het en "Boobwatch" gekyk het.

Sy was altyd besig om op te ruim en skoon te maak want slordig was sy nooit nie! Skoon en deur 'n ring getrek, elke dag.

Sy kon 'n lekker grappie vat, selfs ten koste van haarself. Sy het baie gelag maar kon ook streng wees. Sy was maer maar het baie energie gehad. Sy was goed in haar werk, maar het ook nie nonsens verdra nie.

Ons mis haar en sal nog vir baie lank na haar verlang.

**Banie, Elmien, Mariek en Willie, Carmen, Schalk, Christiaan en Adriaan**




Ouma

Ons hoop dat as jy na die album kyk jy altyd sal onthou hoe spesiaal jy vir ons was en is. Dankie vir elke dag se geselsie en lag . Ons gaan dit baie mis. Geniet jou pensioen nou. God sal jou dra en jou elke dag met soveel gesondheid bless dat jy sommer om die blok sal begin draf.

Onthou ons wag vir die rooi karretjie en die pannekoek soos belowe...

Mag jy elke dag so geniet .

Ons almal.




